# HOËRSKOOL MONTANA

DIÉ BAKEN VAN GROEI EN GELUK

h/v Dr Swanepoel en Sesdeweg, MONTANA
**Tel:** (012) 548-0160/1
**Faks:** (012) 548-1856
**E-pos:** hsmontana@global.co.za
**Webtuiste:** www.hsmontana.co.za

Posbus 13498
SINOVILLE
0129


15 Februarie 2021

Geagte Ouer/Voog

## Hoërskool Montana gaan vanaf 2021 gebruik maak van MICROSOFT TEAMS.

Daar is vir elke leerder 'n **@HSMONTANA e-pos adres** geskep. Hierdie e-pos is 'n MICROSOFT PROFIEL en sal gebruik word vir alle kommunikasie van personeel by Hoërskool Montana aan leerders op MICROSOFT TEAMS.

U kind se profielbesonderhede is:

| | |
|---|---|
| | NOEMNAAM EN VAN |
| E-POS ADRES: | E-POS ADDRES |
| TYDELIKE WAGWOORD: | E-POS WAGWOORD |

**Let wel:** Indien u as ouer die kommunikasie vanaf personeel wil sien, moet u die e-pos adres en wagwoord van u kind gebruik (vir sekuriteitsdoeleindes). Geen ander e-pos adresse behalwe @hsmontana.co.za sal op Hoërskool Montana se Microsoft Teams ingevoer word nie.

Leerders kan MICROSOFT TEAMS via 'n "browser" of 'n APP (Windows of foon) gebruik. (Lees meer hier: https://www.microsoft.com/en-za/microsoft-teams/download-app).



Microsoft Teams het ook Office 365 ingebou wat leerders kan gebruik. Beide is aanlyn en data moet beskikbaar wees vir die leerders/ouers om hierdie platform te benut.

**Stap 1:** Leerders teken in op https://www.microsoft.com/en-za/microsoft-teams/log-in (of via die app wat afgelaai is) met hul @hsmontana e-pos adres en wagwoord (wat die skool opgestel het).







**Stap 2:** Wanneer leerders suksesvol die eerste keer ingeteken het, sal die opsie om hul gegewe wagwoord te verander, verskyn.




**Stap 3:** Nadat 'n leerder hul nuwe wagwoord opgestel het, is hul profiel gereed om kommunikasiekanale te sien vanaf die Personeel van Hoërskool Montana. Ouers word herinner om ook hul kind se profiel te gebruik om in te skakel om belangrike inligting te sien.

**Addisionele inligting:** Indien leerders (tot ouderdom van 24 jaar) ook die gratis weergawe van die OFFICE 365-pakket wil aflaai na hul rekenaar (ONENOTE, WORD, EXCEL, POWERPOINT, OUTLOOK EN 5TB ONEDRIVE AANLYN SPASIE), kan u meer daaroor lees by: https://mahala.ms/

Ons vertrou dat hierdie werkswyse al die Monties se take sal vergemaklik. Vir enige navrae, stuur asseblief 'n e-pos na teams@hsmontana.co.za.

Montie-groete

I.J. JACOBS
PRINSIPAAL

M. DU PLOOY
ADJUNK-PRINSIPAAL